



## Bind vriende saam rondom 'n oop Bybel

Uitgawe # 4

# Op julle merke...

### Openingsgebed

*Here, ons is so gewoon daaraan om onself elke dag voor te berei vir die lewe, leer ons vandag om innerlik voorbereid te wees. Amen*

### Kyk terug...

**Hoe het verlede week se boodskap deel geword van jou lewe?**

By die Olimpiese Spele is daar fikse atlete wat maande se voorbereiding agter die blad het om in hul gekose veld en baan items te kompeteer. Met die 100m-resies sal van die wêreld se vinnigste atlete teen mekaar, en teen die horlosie hardloop, om 'n stukkie roem te proe. Hulle is gereed om enige tyd deel te neem. Die tyd het aangebreek en hulle tree aan terwyl die aankondiger sê: "Op julle merke..."

**[Stop! Draai gou die horlosie terug...]**

Die atlete het nie per ongeluk op hierdie wêreldverhoog beland nie, hulle het jare lank geoefen en voorberei vir hierdie geleentheid. Hulle het baie opofferings gemaak om gereed te wees vir die grootste wedloop van hulle lewe. Al die oefening en voorbereiding en opofferings kom bymekaar wanneer die atlete "op hulle merke" is. Dis hoe dit is. Is hulle gereed vir hierdie roemryke-oomblik? Dit gaan nie meer oor wen of verloor nie. Die belangrikste is nou om seker te wees dat al die voorbereiding en opofferings wat gemaak is die moeite werd was – nie net vir die verskillende lande wat verteenwoordig word nie, maar vir hulleself.

Wat ook al gebeur, hulle is gereed vir hulle oomblik van roem en glorie.



### Gesprekspunt #1

**Het jy jousef al vir 'n spesifieke geleentheid voorberei? (bv. 'n sportwedstryd, skaaktoernooi, kookkompetisie ens.)**

- **Waarvoor het jy voorbereiding en wanneer was dit?**
- **Hoeveel moeite het jy gedoen met jou voorbereiding?**
- **Hoekom het jy so hard geoefen en voorberei?**
- **Wat vertel die aanhaling hieronder vir ons oor**

**“Probeer om altyd vrede en stilte in jousef en in jou siel te hê, sodat jy altyd gereed sal wees vir wat ook al die Here in jou wil doen. Dit is verseker een van die hoër deugde van die siel én 'n groter genade, om die Here op verskillende tye en in verskillende plekke te geniet as in net in één.” Sint Ignatius**

Die enigste manier waarop 'n atleet hierdie oomblik van roem werklik kan beleef, is wanneer hy daarvoor voorberei het. As jy 'n onfikse en onvoorbereide atleet, sonder 'n afrigter, laat resies hardloop teen 'n goed afgerigte, fikse atleet; mag hy dalk 'n klein stukkie roem beleef omdat hy dáár is, maar ek raai dat hy nie gereed sal wees om die resies te hardloop nie. Hy sal heel waarskynlik eerder weghardloop om homself die skande en vernedering te spaar.

Jou geestelike lewe werk op dieselfde beginsel. As jy jouself meer en meer voorberei om God se WARE glorie en heerlijkheid te beleef (kerktoe gaan, Bybel lees, bid ens.) hoe meer voorbereid is jy as God sê: "Op julle merke..." Wanneer hierdie oomblik uiteindelik aanbreek, sal jy gereed wees vir die resies of gaan jy weghardloop van skaamte?

**"Die kwaliteit van ons aanbidding word gemeet aan ons karakter en nie ons aktiwiteite nie. Kerke dink baie keer dat as die musiek beter is en as die geboue meer indrukwekkend is en as die prediking beter is, sal die ervaring ook beter wees. Ware aanbidding begin diep in ons harte. As ons verhouding met God nie gesond is nie, dan is al hierdie dinge niks meer as 'n godsdienstige 'show' nie." ... "as jy nie tevrede is met die kwaliteit van jou aanbidding nie, moenie oorhaastig wees om jou omgewing daarvoor te kritiseer nie."**  
(Blackaby)

**LEES**

**Jesaja 40:3**

**Markus 1:1-11**

**Kern-  
fokus**

***Markus 1:3 Iemand roep in die woestyn: Maak die pad vir die Here gereed, maak die paaie vir Hom reguit."***

## **Gesprekspunt #2**

1. Is daar 'n spesifieke gedeelte wat jou getref het?
2. Wat dink jy is die hoofgedagte in die Bybelgedeelte(s)?
3. Wat dink jy probeer God vir ons sê?
4. Wat sal jy vir God wil sê nadat jy hierdie gedeelte gelees het?
5. Hoe kan ons hierdie gedeelte deel maak van ons alledaagse lewens?

## **Kyk in die spieël**

*Doen dit by die huis*

God wil hê dat jy sy volle heerlijkheid sal beleef, maar jy sal voorbereid moet wees daarop, andersins gaan jy slegs 'n toeskouer wees by iemand anders se belewenis.

- Wat kan jy doen sodat jy beter voorbereid sal wees?
- Wanneer gaan jy dit begin doen?
- Vertel vir iemand wat jy vertrou van jou besluit en voorneme. Laat hulle jou gedurig daaraan herinner.

## **Gebedsversoeke**

## **Uitsending**

*Genadige God, ons is nie werd om heerlijkheid te ontvang nie. Die heerlijkheid behoort net aan U. Help ons om lewens te leef wat U sal verheerlik. Help ons om altyd gereed te wees wanneer ons U stem hoor. Amen.*

Wie gaan die volgende #CCC fasiliteer?

Plek:  
Datum:  
Tyd: